



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)

GRAAD 11

EKSAMEN

TAAK 6.1: VRAESTEL 1

2026

PUNTE: 80

NASIENRIGLYNE

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken nie vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE / DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: ARTIKEL

1.1	Vals / Onwaar	(1)
1.2.1	Dit verwys na die gebruik en verspreiding van valse inligting en informasie.	(1)

1.2.2	Alles met wat jy in aanraking kom, het te make met tegnologie en dit word gedigitaliseer, bv. finansiering, opvoeding, landbou, ens.	(1)
1.2.3	Hulle is konstant aan 'n skerm vasgenaai. / Alles wat hulle doen, bv. take, bevat 'n selfoon in die ander hand.	(1)
1.2.4	"Dis bekend onder jong mense."	(1)
1.3.1	WhatsApp / Facebook / TikTok	(2)
1.4.1	Diskriminerend	(1)
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Paniek veroorsaak • Verhoudings beskadig • Mense se veiligheid in gedrang stel 	(2)
1.6	Mense se medikasie word verkeerd voorgeskryf.	(1)
1.7.1	Hulle kan nie self ontleed tussen wat reg en verkeerd is nie, of wat waar of vals is nie. (Enige ander relevante antwoord)	(1)
1.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Eerstens moet jy altyd die bron van die inligting nagaan. • Tweedens moet jy kyk of ander bronne dieselfde storie bevestig. As net een onbekende bron iets sê, is dit moontlik nie waar nie. 	(1)
1.7.3	Boeke lees, studeer, oefening doen, tyd saam met familie deurbring (Enige ander relevante antwoord)	(1)
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Kyk na die bron (persoon) • Datum van die teks speel 'n belangrike rol • Geldigheid 	(1)
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die oordrywing van konteks / scenario • Oordramatisering van sekere woorde • Woorde wat mense wil hoor – <i>sensasionalisering</i> 	(1)
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Atmosfeer word nie bewerkstellig nie • Nie opgegroeï in 'n area waar lees belangrik voel nie • Werklike leerhindernisse – wat beteken hulle sukkel met lees 	(1)
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> • Hoe om betroubare bronne te gebruik • Goed te lees 	

	<ul style="list-style-type: none"> Krities te dink oor kontroversiële onderwerpe Vorbereiding vir die lewe 	(2)
1.10.2	Dit versterk die idee dat die belangrikheid van fopnuus as 'n euwel in die samelewing gesien word.	(1)
1.11	Ja, hulle kan dus hulle eie opinies formuleer en nie nougeset na die lewe kyk nie.	(1)
1.12	Ja, veral tieners weet nie hoe om dit verantwoordelik te gebruik nie. Hulle versprei roekeloos inligting sonder om aan die gevolge te dink. OF Nee, mense moet kommunikeer. / Inligting word gedeel wat waardevol en geldig is. / Alles is digitaal, so dit sal mense in die agterstand sit.	(1)
1.13	<ul style="list-style-type: none"> Bewusmakingsveldtogte oor fopnuus Die gevare van fopnuus verduidelik by 'n byeenkoms Leerders leer om bronne te verifieer Digitale geletterdheid bevorder Duidelike dissiplinêre maatreëls instel 'n Kultuur van eerlikheid skep (Enige ander relevante antwoord)	(2)

TEKS B: SPOTPRENT

1.14.1	<ul style="list-style-type: none"> Sy oë is groot Mond is wawyd oop (Enige ander relevante antwoord)	(2)
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Die spook Emotikons wat gevaar ten toon stel Woorde is vetgedruk en skep 'n gevoel van angswekkendheid / hoofletters 	(1)
1.16	<ul style="list-style-type: none"> Hy geniet dalk die idee van valse inligting wat versprei word. Hy verlekker hom in die feit dat mense mislei word. 	(1)
1.17.1	Oksimoron	(1)
1.18	(Leerder se relevante antwoord)	(1)

TOTAAL AFDELING A 30**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****TEKS C**

Nasien van opsomming

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

Puntetoekenning:

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal: 10 punte

Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:

- 6–7 korrekte aanhalings: Geen punte vir taal word toegeken nie.
- 4–5 korrekte aanhalings: Maksimum 1 punt vir taal word toegeken.
- 2–3 korrekte aanhalings: Maksimum 2 punte vir taal word toegeken.
- Toegewing: Indien die kandidaat 6 / 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 / 7 punte vir die 6 / 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9 / 10 óf 10 / 10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat net 1 direkte aanhaling het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

Aantal woorde:

- Nasieners moet die aantal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die aantal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum aantal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70 woordgrens aanlees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming ná die sin waarin die 75ste woord voorkom.

VRAAG 2**EIE WOORDE**

1. Maak seker die bron is geldig.
2. Vermyn onbekende bronne.
3. Reguleer inligting deur na die datum te kyk.
4. Kyk of ander nuusbronne dit uitsaai.
5. Kyk na die gebruik van die taal.
6. Inligting moet betroubare verwysings hê.
7. Toestelle soos *fact-check* kan help met die akkuraatheid van inligting.

TOTAAL AFDELING B 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**VRAAG 3: ADVERTENSIE****TEKS D****ASSESSERINGSRIGLYNE****Spelling:**

- Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
- By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem óf die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die groot / donker opskrif / donker letters • Verskillende lettertipes / fonts • Verskillende lettergroottes • Die uitleg / inligting wat kort en bondig genoem word • Inligting wat puntsgewys uiteengesit is • Die uitroepteken <p>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	(2)
3.2	buitengewone	(1)

3.3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik dit op 10 verskillende toestelle. • Gebruik dit op 10 verskillende toestelle! • Jy moet dit op 10 verskillende toestelle gebruik. • Jy moet dit op 10 verskillende toestelle gebruik! (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
3.4	emotiewe taal	(1)
3.5.1	Effektief	
3.5.2	Voordele	
3.5.3	oorreed	(3)
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • "jy" • jy • (Aanhaling waar "jy" uitgelig is) 	(1)
3.7	<ul style="list-style-type: none"> • Die kontakbesonderhede • Waar die inligting beskikbaar is / webadres / webwerf • Die datum / tydperk wanneer die aanbod sluit • Die adverteerder sê nie of dit R550 per maand of per jaar is nie. • Die prys van die gewone premie (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT**TEKS E**

4.1	arrogante (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)	(1)
4.2	Ai tog(!) (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)	(1)
4.3	(Garfield sê dat hy) baie honger is.	(1)
4.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hy lê (uitgestrek / op sy rug op die stoel). / Hy sit nie regop nie. • Sy stert hang van die stoel af. • Sy oë is half toe / kyk af / half oop. • Sy ore hang / is nie regop nie. • Sy voorpote rus op die stoel se leunings. 	

	<ul style="list-style-type: none"> Dit lyk asof Garfield wil slaap. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
4.5	beklemtoon	(1)
4.6	Bywoord van tyd – nou	(1)
4.7	C / Sy ore staan nou regop.	(1)
4.8	<ul style="list-style-type: none"> Hy wil terug wees voor die (lang) advertensies verby / klaar is. Hy wil niks mis nie. Hy wil nie sy (gunsteling-) program mis nie. Hy wil na sy stories / program kyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	(1)
4.9	voordeel	(1)
4.10	<ul style="list-style-type: none"> Sy woorde is in 'n dinkborrel. (Aanvaar ook gedagteborrel.) Hy dink. Hy praat nie (hardop nie). Hy praat in sy kop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Indien die kandidaat die antwoord in sinne skryf, lees ons tot aan die einde en gee punte vir die korrekte antwoord.)	(1)
		[10]

VRAAG 5.1: ARTIKEL EN PRENT**TEKS F**

5.1.1	huisie (sp)	(1)
5.1.2	Queen is 62 jaar oud en (sy) (is) 'n pensioenaris.	(1)
5.1.3	<ul style="list-style-type: none"> Queen het nie baie van tegnologie geweet nie. Queen het niks van tegnologie geweet nie. (Enige EEN)	(1)
5.1.4	meer (sp)	(1)
5.1.5	kerk (Aanvaar fonetiese spelling)	(1)
5.1.6	<ul style="list-style-type: none"> Sy wou dit bywoon. Sy wou dit bygewoon het. (Enige EEN)	(1)
5.1.7	op	(1)

5.1.8	rekenaars (sp)	(1)
5.1.9	toe	(1)
5.1.10	baie nuwe dinge by die kursus geleer het	(1)
5.1.11	(Sy sê sy het vir haar 'n selfoon gekoop) om haar kinders te kontak.	(1)
5.1.12	bank+sa+ke óf bank / sa / ke óf bank-sa-ke (Aanvaar enige manier waarop die lettergreepverdeling korrek aangedui word.)	(1)
5.1.13	daagliks (sp)	(1)
5.1.14	bv. (Die punt moet aan die einde van die afkorting wees.)	(1)

VRAAG 5.2: ARTIKEL EN PRENT**TEKS G**

5.2.1	<ul style="list-style-type: none"> • spierwit (sp) • sneeuwit (sp) • melkwit (sp) • lakenwit (sp) • bleekwit (sp) (Enige EEN)	(1)
5.2.2	aanlyn	(1)
5.2.3	meisie / dogter (sp)	(1)
5.2.4	voor	(1)
5.2.5	Die seun tik altyd baie vinnig op sy rekenaar.	(1)
5.2.6	Wat sê die seun op skerm 4? (Leesteken moet aan die einde van die sin aangedui word.)	(1)
		[20]

TOTAAL AFDELING C 10**GROOTTOTAAL 80**